VERHALE VAN HOOP

Jesus moedig ons aan in Johannes 16:24 om te bid en ons sal ontvang, sodat ons blydskap volkome kan wees. In Romeine 8:26 leer Paulus ons dat die Gees ons swakhede te hulp kom, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

Ek wil graag drie getuienisse met jou deel en terselfdertyd daardeur demostreer hoe die Heilige Gees my in elke unieke situasie verskillend gelei het.

Die eerste gaan oor 'n jong man genaamd Ray, die oudste seun van ons vorige bure. Sy hele liggaamstaal het gespreek van 'n lae selfbeeld en rebellie. Maar ek het geweet dat hy baie hartseer in sy hart ronddra. Sy ma het op 'n dag haar diep besorgdheid oor hom met my gedeel.

"Ray se pa is oorlede aan kanker en nou ly sy jonger broer aan dieselfde kanker." Ek kon die pyn in Irene se oë waarneem.

Sy vertel verder. "Ray het nie skool klaargemaak nie en die enigste werk wat hy kan kry is as 'n verkoopsman, En hy werk op kommissie. Dis ongelukkig heeltemaal die verkeerde beroep vir hom. Hy is 'n praktiese mens en hou daarvan om met sy hande te werk."

Ek voel haar hopeloosheid aan en probeer om haar te bemoedig : "Ek sal ernstig vir hom bid."

Ek het huis toe gegaan met 'n swaar las op my hart. Ek het hulle baie jammer gekry, veral vir Ray. Die Here het my in Sy Woord geleer dat ek nie soos 'n geveinste moet wees nie, maar dat dit Hom behaag as ek uit my hart uit tot Hom bid. Ek gaan sit net daar en begin met die Here praat oor Ray.

"Here, Ray het baie seergekry en hy het nie meer 'n pa nie…. Ek weet regtig nie hoe om vir hom te bid nie want hierdie situasie is to groot vir my."

Onmiddellik antwoord die Heilige Gees my met 'n duidelike gedagte in my verstand:

"Hy het 'n mentor nodig."

Ek was verstom maar terselfdertyd baie dankbaar. Ek vra toe vir die Here vir presies dit. Wel ek het goed geweet hoe dit voel om seer te kry as 'n kind, om eensaam te wees, om die Here se liefde te ken nie en niemand te vertrou nie. Maar vandat ek in 'n persoonlike verhouding met my Hemelse Vader gekom het, kan ek na Hom toe gaan met al my probleme, asook die van ander. Hierna het ek nog op 'n gereelde basis vir Ray gebid.

Vyf jaar later het Ray se jonger broer ongelukkig tot sterwe gekom en ek het vir Ray weer by die begrafnis gesien. Hy was 'n ander mens. Hy was vol selfvertroue, met 'n goeie selfbeeld.

Irene bring my op datum oor Ray se lewe : "'n Plaaslike eieniaar van 'n motorwerktuig werkswinkel het vir Ray onder sy vlerk geneem en hom die geleentheid gegee om homself te kwalifiseer as 'n motorwerktuigkundige. En hy is in sy element en geniet sy werk baie.!"

Alhoewel sy baie hartseer was oor haar jongste seun se heengaan, het sy met waardering geglimlag terwyl sy na Ray kyk wat aan die anderkant van die vertrek gestaan het.

"Hy is ook intussen getroud en hulle het 'n klein dogtertjie. Kyk net na haar! Sy is verskriklik lief vir haar pappa!"

Haar gesig het nou so opgehelder van vreugde dat dit sommer van die hartseer ook weggevat het. Ek het alreeds die dogtertjie opgemerk wat aan Ray se been vashou en het sommer dadelik agtergekom dat daar 'n spesiale band tussen die twee is.

My hart het gejuig! Ek was so bly vir hulle en terselfdertyd so dankbaar teenoor die Here.

Ons Here Jesus sê tereg vir ons die volgende in **Matteus 6:6 : "Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde."** Dit is presies wat die Here gedoen het.
Hierdie gebeurtenis het my moediger gemaak om vir ander te bid. Gedurende hierdie tyd het ek as Radiografis by 'n plaaslike staatshospitaal gewerk. Die grootste meerderheid van ons pasiënte was van landelike afkoms. Met elke pasiënt het ek die Heilige Gees se leiding gevra hoe ek elkeen kan bemoedig…

Een Saterdag aand was ek uitgeroep om x-strale te neem van twee landelike mans wie in 'n motor ongeluk betrokke was. Terwyl ek die x-strale geneem het, vra ek die eerste man :

"Wat het gebeur?"



"Ons het van 'n gebedsgroep af direk werk toe gery om ons agskof te begin, toe ons agter in 'n trok sonder agterligte vasgery het." antwoord hy en vertel sommer dadelik verder : "Ek is so bekommerd oor my kollega, dis sy motor. Hy is baie geskok want die motor is heeltemaal afgeskryf."

Ek het verder geluister terwyl ek met die x-strale besig was. Hy het duidelik nodig om die gebeure uit te praat.

"En wat ook nog vir my erg is, is dat ons in 'n landelike gebied woon en ons vrouens het geen idee dat ons in die hospitaal opgeneem is nie."

(In daardie dae was die gebruik van selfone nog nie so algemeen in ons land nie.) Ek kon sien hoe bekommerd hy was. Ek het sommer daar en dan vir hulle almal gebid en die volgende oomblik hoor ek myself sê :

"Here gee asseblief vir hierdie man 'n ander kar." Dit was glad nie in my gedagtes om vir 'n motor te bid nie. Ek kan net aanneem dat dit die Heilige Gees was wie deur my gebid het.

Een oggend by die werk omtrent drie weke na hierdie insident, stoot ek die volgende pasiënt op 'n trollie die x-straal kamer binne, vir opvolg x-strale. Hy herken my onmiddellik. Dit was dieselfde pasiënt vir wie ek daardie Saterdag aand gebid het.

"Die Here is so groot, Hy is Almagtig!" sê hy opgewonde en sonder om te huiwer, gaan hy voort : "Die eienaar van die trokmaatskappy het my vriend gekontak. Hulle het hom 'n offer gemaak. Hulle sal vir hom 'n ander motor koop as hy gewillig is om die regsaak teen hulle te onttrek!"

Hy het oorgeborrel van blydskap en kon nie meer al die goeie nuus vir homself hou nie.

"En weet jy wat nog?" vra hy en vertel dadelik verder :

"Die polisie het al die pad na die landelike gebied gery om vir ons vrouens mee te deel van ons ongeluk en hulle gerusgestel dat ons goed versorgd is in die hospitaal."

(As mens in ag neem dat ons in 'n land woon met 'n redelike hoë misdaad syfer, moes dit 'n groot vertroosting vir hulle vrouens gewees het.) Ek weet nie wie hierdeur die meeste seën ontvang het nie, hulle of ek!

Die Here se beloftes in Sy Woord is ja en amen in Christus, waar Hy belowe : **"Werp jou brood uit op die water, want ná verloop van baie dae sal jy dit vind." Prediker 11v1.**

Op 'n ander geleentheid, gedurende my oggend stiltetyd, het ek in die Woord gelees hoe onse Here Jesus sy dissipels die autoriteit gegee het oor die duiwelse magte asook om die siekes te genees. **(Matteus 10v1)**

Gedurende die loop van daardie oggend het ek x-strale geneem van 'n baie siek vrou. Sy het op 'n trollie gelê en kon glad nie self regop sit nie. Sy het met moeite met my begin praat in 'n baie sagte stem :

"Ek is 'n Christen, maar my ouers het my forseer om 'n toordokter te besoek."

Ek was oortuig dat dit die rede vir haar siekte was. Ek het dit vantevore met ander landelike mense ondervind. Volgens die Woord verlang die Here van ons as Sy kinders om na Hom toe te kom met al ons probleme en om nie toordokters te raadpleeg nie. Hierdie keer het die Heilige Gees se leiding gekom deur 'n aanvoeling in my hart. Ek het ervaar dat sy haar fout agtergekom het en dat sy met opregte berou openlik erken het dat sy die Here ongehoorsaam was.

As volgelinge van Christus, is ons 'n koninklike priesterdom met 'n heilige roeping: In hierdie geval was ek eerstens 'n getuie vir haar opregte openbare belydenis, en hierna het ek die voorreg gehad om vir haar genesing te bid.

'n Paar dae later het ek haar in die saal gaan besoek, maar haar nie gevind nie. 'n Verpleegster het my vertel wat gebeur het :

"Nadat sy opgeneem is in die hospitaal, was sy so swak dat sy nie eers kon eet nie."

"Ek nie nie gedink dat sy oorleef nie." voeg 'n ander verpleegster by "maar sy het ewe skielik wonderbaarlik herstel, soveel so dat sy ontslaan kon word."

Weereens het my hart gejubel in danksegging teenoor ons wonderlike Heer!

Here Jesus belowe ons in **Johannes 15:7&8 : "As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry. Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees."**

.

Ter afsluiting gee ek kortliks 'n opsomming van die verskillende maniere waarop die Heilige Gees my gelei het.

1. Deur 'n duidelike gedagte in my gemoed.
2. Om deur my te bid.
3. Deur 'n sterk aanvoeling in my hart.
4. Mees belangrikste, deur die Woord van God.

Dit is so 'n geweldige voorreg om 'n kind van God te wees.

1 Johannes 5:14&15 "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het."

Ek is seker dat jy ook baie getuienisse het wat jy met ander kan deel en daardeur vrug kan dra as Sy dissipel. Onthou dit : God het duisende verskillende maniere om gebed te beantwoord.

Augustus 2019

sunrisetracts@gmail.com